The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 4 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.

ornico
KNOW HOW TO GROW

| Publication | | |
|---|---|---|
| VOLKSBLAD - SATERDAG | | |
| Page | Date | AVE (ZAR) |
| 5 | Sat 13 Apr 2019 | 9758.68 |




# Akademie se wenners bekend

## Bloemfonteiners ook onder wenners




Jaco Jacobs



Prof. Hennie van Coller



Prof. Heilna du Plooy



Prof. Erik Holm

Die draaiboekskrywer Louis Pretorius en die Bloemfonteinse kinder- en jeugboekskrywer Jaco Jacobs tel onder die wenners wat vanjaar deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon is.

Die wenners is gister bekend gemaak.

Jacobs en die illustreerder Zinelda McDonald is die wenners van die Alba Bouwerprys vir kinderliteratuur met sy boek *Moenie hierdie boek eet nie!*.

Die Deleen Bekkerprys vir die beste draaiboek vir 'n TV-drama in Afrikaans gaan aan Pretorius, draaiboekskrywer van die reeks *Die boekklub* (reeks 1, seisoen 9), wat in 2016 vir die eerste keer op kykNET uitgesaai is.

Pretorius ontvang ook die erepenning vir 'n TV-drama in Afrikaans as regisseur van die reeks *Fynskrif* (episode 3).

"As visuele outeur neem Louis Pretorius die alledaagse en omskep dit in die onverwagte," lui die verklaring.

Die Odeion-strykkwartet van Bloemfontein ontvang die Hubert Rupertprys vir klassieke musiek. Die kwartet bestaan uit Samson Diamond, Sharon de Kock, Jeanne-Louise Moolman en Anmari van der Westhuizen.

Die visuele kunstenaar Helen Sebidi is die wenner van die erepenning vir visuele kunste.

Die erepenning vir rolprentkuns gaan aan die uitvoerende rolprentvervaardiger Jan du Plessis.

Volgens die Akademie word hy vir sy kundigheid, dapperheid en nugtere aanvoeling vereer, "ook toe niemand Afrikaanse rolprente wou finansier nie".

Die erepenning van die Akademie se fakulteit natuurwetenskap en tegnologie gaan aan prof. Debra Meyer, uitvoerende dekaan van die fakulteit natuurwetenskappe aan die Universiteit van Johannesburg (UJ), vir haar akademiese bydrae tot die natuurwetenskappe in Suid-Afrika.

Pippa Parker ontvang die Akademie se besondere erepenning. "Oor die jare heen het Parker met dinamiese en vooruitstrewende leiding, visie, goeie oordeel, sakevernuf en persoonlike belangstelling 'n reuserol gespeel om populêr-natuurwetenskaplike boeke in Suid-Afrika te bevorder."

> Louis Pretorius, draaiboekskrywer van die TV-reeks *Die boekklub*, ontvang die Deleen Bekkerprys.

Die N.P. Van Wyk Louw-medalje word aan prof. Rufus Gouws van die departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch (US) toegeken. Dit word toegeken aan iemand se skeppende bydraes tot die ontginning, organisering en volgehoue uitbouing van 'n vertakking van die geesteswetenskappe.

Prof. Hennie van Coller, emeritus-professor van die departement Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat en tans navorsingsgenoot aan die Noordwes-Universiteit (NWU), ontvang die D.F. Malan-medalje. Dit word toegeken aan mense wat die hoogste gehalte van werk lewer ter bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur.

Prof. Heilna du Plooy is met die Gustav Prellerprys vir literatuurwetenskap en letterkundige kritiek bekroon.

Dr. Cassie Carstens ontvang die erepenning van die Akademie se fakulteit natuurwetenskap en tegnologie vir sy jare lange bydrae tot die werk van die Akademie.

Die C.L. Engelbrecht-prys vir Afrikaanse taalkunde word toegeken aan die boek *Kaaps in fokus* met prof. Frank Hendricks en Charlyn Dyers as die redakteurs.

Die Stalsprys vir geskiedeniswetenskappe word vanjaar toegeken aan prof. André Wessels, voormalige hoof van die departement geskiedenis aan die Universiteit van die Vrystaat. Prof. Jannie J. Rossouw, hoof van die skool vir ekonomiese en bestuurswetenskappe aan die Universiteit van die Witwatersrand, ontvang die Stals-prys vir ekonomie.

Prof. Johan Snyman, emeritus-professor in filosofie aan die destydse Randse Afrikaanse Universiteit (nou UJ), ontvang die Stalsprys vir filosofie en etiek.

Prof. Bernard Combrink, emeritus-professor en voormalige dekaan van die fakulteit teologie aan die US, ontvang die Ds. Pieter van Drimmelen-medalje. Dr. Coenie Burger, programbestuurder van die verlengde BTh-program aan die US, ontvang die Totiusprys vir teologie en die studie van Bybel-grondtale.

Die Frans du Toit-medalje word vanjaar aan dr. Johan van Zyl oorhandig. Van Zyl is die bedryfsbeampte van Toyota.

Prof. Erik Holm, rubriekskrywer van *Beeld*, asook emeritus-professor en voormalige hoof van entomologie aan die Universiteit van Pretoria (UP), kry die driejaarlikse Senior Kaptein Scott-gedenkmedalje vir sy "wetenskaplike en ander vakkundige bydraes tot die entomologie, asook die bevordering van 'n belangstelling in insekte en die natuur onder die publiek".

Die Protea Boekhuisprys vir die beste werk in geskiedenis of kultuurgeskiedenis in Afrikaans gaan aan dr. Jackie Grobler. Die M.T. Steyn-prys vir natuurwetenskaplike en tegniese prestasie gaan aan prof. Alvaro Viljoen van die Tshwane-Universiteit van Tegnologie.

Die Havengaprys vir lewenswetenskappe gaan aan prof. Ian Dubery en vir gesondheidswetenskappe aan prof. Barbara Huisamen. Prof. Gert Krüger van die NWU kry die Douw Greeff-prys vir 'n navorsings- of oorsigartikel van hoogstaande natuurwetenskaplike gehalte. Prof. Phil van Schalkwyk (NWU) kry die Esther Greeff-prys vir 'n hoogstaande artikel in geesteswetenskappe.

Die Poortpryse vir skeppende bydraes deur gr. 10-, gr. 11- of gr. 12-leerlinge gaan vir prosa aan Lani de Beer van die Hoërskool Jim Fouché en vir poësie aan Dyllan Niehaus van die Hoërskool Menlopark.